REEKS: GOD IS…

KLEINGROEP ONTMOETING 4
God is… ons Redder

A: KOFFIE
Elkeen kry ‘n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED
Iemand wat bereid is, kan met ’n kort gebed open.

C: VIDEO-GREEP
Kyk saam na die volgende 13 min video van Rob Bell 22: Tomato https://www.youtube.com/watch?v=3yTPry_nyJ8&list=PLZqQAL59YuA1gCIbOPeBQ41knelWqM0FU&index=22 Kyk weer die video – kan julle agterkom wat doen die karakter met die sambreel?

D: WANDEL IN DIE WOORD
Vra iemand om die volgende te lees:

Teks gedeelte: Markus 8:34-35

34 As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis
opneem en My volg, 35want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit
verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou.

Nog teksgedeeltes:
Ps 18:3, 1 Joh 4:14, Rom 8:32; Rom 14:7-8, 1 Kor 15:22, Joh 3:16

E: GESELS SAAM
Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Wat moet ”doodgaan” in my lewe sodat ek meer kan wees wie God wil hê ek moet wees? Is dit maklik?
2. Hoekom het ons ‘n ”redder” nodig?
3. Hoe maak God dit vir ons moontlik om gered te word?
4. **God is werklik ons Redder in en deur Jesus Christus.** (God saves!!) Ons verdien dit nie – dit is slegs genade – maar dit verander ons lewens! Hoe verander dit my denke en optrede om te weet dat God jou Redder is?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK
Groep besluit self op ‘n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Fokus op groei en uitreik.
Voorbeelde: Skryf neer wat jy hierdie week gaan laat ”doodgaan” en sit dit by jou Bybel neer sodat jy daaroor kan dink en bid. Deel jou geloofs-reis met iemand. Luister die volgende lied in jou stiltetyd en stuur dit aan iemand wat ook aangeraak is deur God ons Redder
(There is none like You) https://www.youtube.com/watch?v=KnhUh2tt97Q

G: GEBED & SAAMKUIER
Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed.
Kuier nog bietjie saam ☺

REEKS: GOD IS…

KLEINGROEP ONTMOETING 4
God is… ons Redder GESPREKSRIGLYNE
(Ds Cor Swart)

ONTHOU…

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Paulus leer baie mooi in Romeine 6:23 dat: ”die loon wat die sonde gee is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”

Ons sonde verdien die dood. Ons as mense kan nie self ’n losprys betaal om ons sondeskuld te betaal nie.
Die prys word deur Jesus in ons plek betaal aan die kruis. God betaal dus self die losprys.
Ek en jy kry deel aan hierdie redding deur ons geloof in die Here Jesus Christus. Ons verdien dit nie (is hoekom dit genade genoem word, dit is ’n geskenk van God en word deur die Heilige Gees ons gewek en versterk).

Markus 8:34-35 verduidelik baie mooi dat geloof wel van ons iets vra – dat ons volgelinge van Jesus sal word (ons kruis opneem en Hom volg). Geloof in Jesus verander jou lewe – liefde wat gefokus is op onsself word vervang deur liefde vir God en ons naaste. Ons word minder en ander word meer (dit is wat selfverloëning beteken). Dit beteken egter nie dat ons eie selfwaarde verdwyn nie – nee, Christus bepaal ons identiteit (so ons het juis baie waarde as God se verbondskinders!).